# SARS VERWELKOM UITSPRAAK OOR SLUIER VAN GEHEIMHOUDING

**Tshwane, 20 Oktober 2023** - Die kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het die uitspraak verwelkom, wat hierdie week deur die KwaZulu-Natalse plaaslike afdeling gelewer is, oor die insolvente boedel van Jubilee Plant Hire SA CC ("Jubillee").

Die hof het besluit om te weier om die sluier van geheimhouding te lig op die bevel wat in November 2021 gelewer is, wat sodoende SARS se aansoek aanvaar wat die ondersoek magtig en die alleeneienaar en getuies in die insolvensie-ondersoek verbied om toegang te kry tot inligting tot hulle beskikking. Die hof het verder 'n kostebevel teen die eienaars van Jubilee uitgereik.

Gebaseer op SARS se argument, het die hof 'n poging tot 'n misbruikte sakereddingsproses ter syde gestel en Jubilee gelikwideer. Jubilee, tesame met ander verbonde beslote korporasies, het SARS meer as R400 miljoen geskuld. Met die ter syde stelling van die ondersoek, soos deur die meester van die hooggeregshof byeengeroep, en met die administrasie van Jubilee se boedel wat benadeel word ingedagte, was SARS gedwing om in te tree en 'n aansoek aan die hooggeregshof in KwaZulu-Natal te rig om 'n ondersoek in te stel ingevolge die Wet op Maatskappye.

Die ondersoek is gevolglik byeengeroep en na haar verskyning by die ondersoek, het die alleeneienaar van Jubilee, me. Neermala Moodley, en bepaalde getuies naamlik mnr. Panganathan Marimuthu, mnr. Lovendren Marimuthu, me. Shantal Redhi en me. Ramona Budden, die voorsittende kommissaris versoek om die hofdokumente in SARS se aansoek tot hierdie nuwe ondersoek bloot te lê. Die kommissaris het die versoek geweier.

Die klaers het daarna 'n aansoek gerig vir die blootlegging van SARS se hofdokumente en 'n tussentydse interdik wat die klaers van die bywoning van die bogenoemde ondersoek verskoon. SARS het beide aansoeke teëgestaan. In die uitspraak wat deur die KwaZulu-Natalse plaaslike afdeling gelewer is, het die hof bevind dat die klaers versuim het om sterk gronde te verskaf vir die hof om die sluier van geheimhouding te lig.

Die klaers het nie in hul dokumente spesifiek ontken dat die vorige bevele aan die hof blootgelê is nie, dus sodoende aangedui dat dit nie betwis word nie. Daarby was die hof van mening dat die klaers versuim het om die kwessie aan te spreek wat deur SARS in sy hofdokumente geopper is. Gevolglik, aangesien die klaers versuim het om SARS se aantygings in die ondersoekdokumente te ontken, is die aansoek met koste ter syde gestel - in die regsruimte word dit na verwys as die Plascon-Evans-beginsel.

SARS-kommissaris Kieswetter is hartseer dat sommige belastingpligtiges nakoming van hulle verpligtinge in likwidasie- en hofprosesse probeer vermy, wat tot die nadeel van krediteure in die insolvente boedel lei. In menige gevalle is die fiskus die hoofslagoffer. SARS is daartoe verbind om beslissend op te tree, en met vasberadenheid, wanneer nienakomende belastingpligtiges hulle belastingverpligtinge ontduik tot nadeel van die fiskus, insluitend die najaag van sodanige belastingpligtiges se likwidasie en sekwestrasie. SARS maak verder 'n beroep op alle insolvensiepraktisyne om hulle pligte sonder vrees uit te voer, omdat hulle pogings grondslaggewend is tot 'n krediteur se vermoë om soveel van hulle skuld as moontlik te herwin om sodoende die krediteur in staat te stel om sy eie voortbestaan en sake-bedrywighede te verseker. SARS sal altyd werk op 'n manier wat ekonomiese groei en werkskepping ondersteun.

Vir meer inligting, kontak SARSMedia@sars.gov.za.